

## Maandag 4 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 3:1-17**

**Fokusgedeelte: Josua 3:10,  
11, 17**

### **Die alomteenwoordige leiding van Christus roep ons op om Hom te volg**

Een van die sleutelgedagtes in hierdie gedeelte is die Here se teenwoordigheid by Israel. Die woord “Verbondsark” kom tien keer voor in hierdie hoofstuk! Deur die Verbondsark openbaar God veral drie dinge van Homself:

- Hy is heilig (die gewyde hantering van die ark);
- Sondaars kon alleen tot God nader deur versoening wat herhaaldelik deur die hoëpriesters gedoen word deur offerbloed op die ark se versoendeksel te sprinkel;
- Sy besondere teenwoordigheid by Israel (Hy is Immanuel – “God met ons”).

Drie maal word in die hoofstuk gesê dat die priesters die verbondsark voor die volk uitgedra het en dat die volk moes volg (vs 3, 4, 11, 16). Duidelik sien die volk dat *die Here Self* die deurgang na die beloofde land bewerk het, nie Moses of Josua of hulle eie vermoëns nie. Almal het deur die droë Jordaan verby die verbondsark gestap (vs 17). Vers 10 sê dat God hierdie wonderteken sou doen sodat hulle kon WEET dat Hy, die lewende God, sy beloftes vervul en Self hulle *verder sal lei*.

Die Verbondsark is ’n duidelike heenwysing na Jesus Christus:

- God is heilig: niemand wat volhard in sonde, kry deel aan die koninkryk van God nie (vgl. Ef. 5:5);
- Christus se versoening en dood aan die kruis was ’n eenmalige, ewige en volkome offer waarin God se beloftes aan sy uitverkorenes vervul word (vgl. Heb. 7:24-27).
- Hy is Immanuel wat onder ons kom woon het (Joh. 1:14) en deur die Heilige Gees steeds onder ons woon (Joh. 16:5-15).

Soos Israel aktief hulleself moes reinig en moes opstaan en die Verbondsark volg, so moet ons God elke dag aktief volg. Deur Christus lei Hy elkeen wat Hom volg na die beloofde, ewige Kanaän (vgl. Heb. 4:8-11) en deur die alomteenwoordigheid van sy Gees lei Hy ons ook in ons daaglikse omstandighede!

*Sing: Psalm 136-1:12, 14, 17, 19*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop-Mariental)*